

37. Saalopening: Hoop en COVID

Ysbreker idees:

Die COVID tema wek baie emosies by meeste van ons op, meestal ongelukkig negatief. 'n Goeie ysbreker om die kinders se aandag dadelik te vang, en ook letterlik die ys te breek is baie belangrik as jy hulle wil kry om te luister. Hieronder is twee moontlike ysbrekers wat jy kan gebruik. Die een wat jy kies sal natuurlik afhang van hoeveel tyd jy het, en vir hoeveel moeite jy voor kans sien.

Ysbreker 1

Vorbereiding:

1. Vir hierdie ysbreker gaan jy bietjie voorbereiding 'n paar dae voor die saalopening nodig hê. Vat 'n 2l of 5l roomysbak en vul $\frac{1}{4}$ met water, sit dit in die vrieskas totdat dit gevries is. Sit nou die volgende in lae in die bak bv. 'n koekie seep, bietjie water en laat vries. 'n Botteltjie saniteerder, water en laat vries, 'n masker, bietjie water en laat vries. Hoe goed of sleg jou vrieskas vries sal afhang van hoe lank voor die tyd jy dit gaan doen. Indien jou vrieskas BAIE goed vries, wees versigtig vir te lank voor die tyd, want dan gaan jy dit nooit stukkend kry nie.
2. Miskien sal dit 'n goeie idee wees om voor die tyd met 'n paar verantwoordelike kinders of kollegas te reël om jou met die ysbreker te help. Sit die gevriesde blok op 'n tafel neer, verkieslik binne in 'n groot skottel (kyk hoe veilig jy dit vir die kinders kan maak), en gee vir elke kind of kollega 'n hammer. Elkeen kry 'n beurt om van die lae ys af te kap sodat die seep, saniteerder en masker uit is.

Ysbreker 2:

Jy kan dieselfde items as in ysbreker 1 vat, in drie toegedraaide bokse sit en vir drie vrywilligers vra om hulle oop te maak.

Inleiding voorbereidings:

Print die emoji's aan die einde van die les in kleur en knip uit om as deel van die inleiding te gebruik. Maak dit so groot soos wat jy dit kan kry.

Inleiding:

Sjoe, hoe moeilik was dit om by ons items uit te kom. Wie van julle kan vir my sê waarom ons vandag gaan praat (hou die drie items in die lug op sodat almal dit kan sien)? Ja, dis reg, COVID 19!! Wanneer ons die woord COVID 19 hoor dan raak baie van ons sommer so koud, net soos die ys waarin hierdie items was.

(Haal die emoji's uit) Kom ons gesels sommer so vinnig oor hoe julle oor COVID 19 voel voordat ons by die les kom. Ek gaan 'n vraag vra, en dan gaan drie van die vrywilligers elkeen 'n emoji ophou. Soos hulle dit ophou 'cheer' julle so hard soos julle kan vir die emoji wat die beste beskryf (wys) hoe JY oor die vraag voel. Onthou, jy hoef nie dieselfde as jou maatjies daaroor te voel nie. Is julle reg???

Vrae:

- Hoe laat COVID 19 julle voel?
- Hoe voel julle daaroor om net elke tweede dag skool toe te kom?
- Hoe voel julle daaroor om so ver van julle maats te sit?
- Hoe voel julle daaroor dat julle mekaar nie kan druk en aan mekaar mag raak nie?
- Hoe voel julle daaroor om die masker oral heen te dra?

Sjoe, daar is sommer nog BAIE vrae wat ek kan vra, maar ek kan sommer sien dat hierdie hele COVID ding, en al die veranderings wat dit gebring het glad nie lekker is nie, miskien wel die elke tweede dag skool toe kom, maar dit maak ook net weer meer huiswerk.

Hoop en COVID

Ek voel nou sommer soos hierdie emoji (vat die hartseer emoji en hou dit voor jou gesig), maar weet julle wat, daar is SO baie wat ons uit dit wat ons moet doen om ons veilig teen COVID te hou kan leer. Wie gaan my kom help? (kry weer 'n paar vrywilligers, of reël vooraf met kinders).

1. Hande was

Een van die belangrikste COVID reëls is dat ons gereeld ons hande moet was. (laat die vrywilliger hande in 'n skottletjie met water op die verhoog was). Die slim mense sê mos as jy twee keer "Happy Birthday gesing het, dan het jy lank genoeg jou hande gewas.

Hoop en COVID: Kom ons gebruik ons hande om ander mense mee te help. As mamma moeg is, maak vir haar koffie, doen wat sy vra en maak so die lewe vir haar makliker, dan gaan sy ook die lewe vir JOU makliker maak. Kyk waar en hoe jy die mense om jou kan help. As daar 'n maatjie is wat sukkel met huiswerk, en jy verstaan dit, en mamma en pappa is ok daarmee, help jou maatjie om die huiswerk te verstaan. Daar is SO baie maniere om die mense om jou te help, kyk bietjie rond, en gebruik daai skoon hande van jou vir iets goed en mooi.

2. Sosiale Afstand

So, nou vir die een wat baie moeilik is, veral wanneer jy graag met jou maatjie wil speel, of lekker wil gesels maar jy moet ver sit, en kan dan nie so lekker hoor nie. (Kry so drie vrywilligers om langs mekaar te staan, elkeen met hulle arms uitgestrek om sosiale afstand aan te dui).

Hoop en COVID: Ons moet leer om sosiale afstand te hou van goed wat verkeerd is en goed wat onself of ander mense kan seermaak. Bly weg van maatjies wat met verkeerde goed besig is. As jy weet 'n 'game' wat jy speel is nie goed nie, dan speel jy dit nie. As pappa en mamma praat, dan luister jy. Op hierdie manier bly ons weg van dit wat ons en ander mense kan seermaak.

3. Saniteer jou hande

(Saniteer jou eie hande terwyl jy praat) Wie van julle se hande is al skurf, en party stukkend van al die saniteer? Hoe voel dit wanneer jy 'n stukkende plek op jou hande het, en daar kom van die saniteerder in? Nie lekker nie, dit brand so dat mens amper wil huil. Nou wat DOEN saniteerder? Saniteerder beskerm jou hande teen die virus, en ook as die virus dalk op jou hande is, maak dit die virus dood.

Hoop en COVID: Soos ons ons hande moet santiteer teen die COVID virus, so moet ons ook ons lewens santiteer van al die lelike en slegte goed. Nou hoe doen ek dit? In hierdie tyd is baie mense moeg en bang, of raak gou kwaad, partykeer oor goed wat nie regtig nodig was om kwaad oor te raak nie. As jy jou maatjie, onderwyser of ouers seergemaak het, of verkeerd teenoor hulle opgetree het, gaan sê dan vir hulle jammer, en vra hulle om jou te vergewe.

4. Dra jou masker

Wie van julle het al in die winkels, en hier by die skool die borde gesien dat jy nie hier, of by die winkel mag ingaan as jy nie jou masker op het nie? Hoekom is die masker wat ons almal so benoud laat voel so belangrik? Dit keer dat ons die COVID virus inasem, as dit dalk in die lug is, of dat ons dit self in die lug uitasem as ons dalk die virus het, maar dit nog nie weet nie. Kan jy lekker sien wat iemand dink van iets wat jy sê as hulle die masker ophet? Nee, jy kan net die oë sien, en dit wys nie altyd vir jou wat iemand dink nie. So, jy kan baie dinge agter jou masker wegsteek.

Hoop en COVID: Ons kan sê die masker herinner ons daaraan om te dink voordat ons praat van iemand anders – skinder, of voordat ons wil lelik praat. Ons moenie dink dat ons beter as iemand anders is, en met ons neus in die lug rondloop nie, juis omdat ons nie kan sien wat mense regtig dink nie.

Toepassing:

So, in kort kan ons sê dat COVID en al die reëls rondom dit beslis nie lekker is nie, maar dat ons baie daaruit kan leer, en dit kan ons baie help in die manier hoe ons leef. Dit kan ons hoop gee in 'n tyd waarin dinge nie altyd maklik is nie.

Krediet aan Jacques Barnard van Positiewe Gedages Facebook groep vir sy toestemming om dele van sy teks te gebruik.





